The seasonally adjusted flow of longer-term funds to deposit-receiving and related savings institutions remained at a high level and amounted to R921 million in the second quarter, compared with R967 million in the first quarter. The building societies' share in these funds decreased slightly from 52 per cent of the total in the first quarter to 50 per cent in the second quarter. Gross mortgage loans granted by building societies amounted to R636 million in the second quarter, or 10 per cent more than in the preceding quarter. Notwithstanding this increase, the demand for mortgage loans was inadequate to absorb the societies' inflow of funds and, as a result, the societies had to increase their prescribed investments by R125 million during the second quarter. During July the societies experienced a further net inflow of funds amounting to R144 million, or slightly less than the monthly average of R155 million for the second quarter.

In the real estate market, the value of transactions continued to edge upwards during the second quarter and exceeded the figure for the first quarter by 3 per cent. A more rapid increase in transactions occurred in July.

Statement regarding monetary policy

Issued by the Governor of the South African Reserve Bank, Dr T W de Jongh

11 August 1979

After the usual consultation with the Treasury, the Reserve Bank has decided to reduce Bank rate by ½ per cent to 7 per cent per annum with effect from 13 August 1979.

This step represents a further relaxation of monetary term interest rates in the market during recent weeks, which has resulted in an excessive gap between these rates and Bank rate.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Opsomming en algemene opmerkings

In die Presidentsrede tydens die Reserwebank se algemene jaarvergadering op 21 Augustus 1979 en in die Bank se **Jaarlikse Ekonomiese Verslag** wat ten tye van die vergadering vrygestel is, is die ekonomiese ontwikkelings gedurende die jaar wat op 30 Junie 1979 geëindig het in besonderhede bespreek. Hierdie oorsig sal derhalwe beperk word tot 'n kort beskrywing van ontwikkelings gedurende die tweede kwartaal van 1979, en afhangende van die beskikbaarheid van gegewens, gedurende Julie en Augustus.

Die matige sikliese herstel van die ekonomiese bedrywigheid gedurende 1978 en die eerste kwartaal van 1979 is gedurende die tweede kwartaal voortgesit maar die tempo van die opswaai het gedurende hierdie kwartaal ietwat verslap. In sommige sektore van die ekonomie het die toestand traag gebly en in ander het die koers van toename in die bedrywigheid verlangsaam. Gevolglik het die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore van die ekonomie in die tweede kwartaal slegs matig toegeneem nadat daar in die eerste kwartaal 'n aanmerklike toename aangeteken is. 'n Skerp toename in die reële toegevoegde waarde van die landbou het die groeikoers van die totale reële bruto binnelandse produk laat styg tot 'n effens hoër vlak as in die eerste kwartaal, maar hierdie styging was bloot die gevolg van die vroeëre insameling van die oeste van somergewasse. Die verlangsaming van die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore is weerspieël in 'n effense styging in die geregistreerde werkloosheid gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande. Hierdie styging het 'n ommekeer verteenwoordig van die dalende neiging wat aan die einde van 1977 begin het.

Alhoewel die reële totale binnelandse vraag gedurende die tweede kwartaal matig toegeneem het, was dit nie in staat om as basis vir 'n hoër ekonomiese groeikoers te dien nie. Reëel gesproke het die private verbruiksbesteding slegs marginaal toegeneem, die owerheidsverbruiksbesteding het bykans geen verandering getoon nie en die bruto binnelandse vaste investering het sy afwaartse neiging voortgesit. Die reële voorraadinvestering het egter opmerklik verander, maar die toenames daarin was hoofsaaklik tot landbouvoorrade-in-die-handel en mynbouvoorrade beperk. Alhoewel maatreëls wat gemik is op 'n verdere stimulering van die ekonomie deur aanmoediging van die vraag in die Begroting vir 1979/80 opgeneem is, sal die meeste daarvan eers in die derde kwartaal van 1979 hulle uitwerking begin toon.

As gevolg van die oorheersende invloed van kostefaktore op die prysstygings, het die trae vraag nie tot 'n verlaging van die inflasiekoers bygedra nie. Die koers van toename in die verbruikerspryse, wat in die eerste kwartaal van 1979 begin versnel het, het in die tweede kwartaal en Julie verder gestyg. Die groothandelspryse het reeds in die laaste kwartaal van 1978 teen 'n hoër koers begin styg en die koers van toename het in die tweede kwartaal van 1979 en in Julie opmerklik verder versnel.

Die opvallende verbetering in die ruilvoet gedurende 1978 en die eerste kwartaal van 1979 is nie gedurende die tweede kwartaal voortgesit nie. Boonop het afnames voorgekom in die seisoensaangesuiwerde volume van die uitvoer en die netto goudproduksie. In weerwil van hierdie veranderings het die lopende rekening van die betalingsbalans in die tweede kwartaal voortgegaan om 'n aansienlike oorskot te toon. Hierdie oorskot was egter aansienlik laer as die rekordsyfer van die voorafgaande kwartaal. 'n Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal, wat die oorskot op die lopende rekening oortref het, is in die tweede kwartaal aangeteken. Dit het die netto goud- en ander buitelandse reserwes vir die eerste keer in enige kwartaal sedert die laaste kwartaal van 1977 laat daal. Gedurende Julie het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank aansienlik verder gedaal maar gedurende Augustus het dit weer gestyg.

Die eng gedefinieerde geldvoorraad sowel as die hoeveelheid geld en kwasi-geld, albei seisoensaangesuiwerd, het gedurende die tweede kwartaal gedaal maar gedurende Julie skerp gestyg. Die afname in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal het voorgekom in weerwil van 'n vinnige toename in die monetêre banksektor se eise teen die private sektor. Hierdie toename is egter geneutraliseer deur 'n afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor en in hierdie sektor se netto eise teen die regeringsektor, asook deur 'n verdere styging in die private sektor se langtermyndeposito's by die monetêre bankinstellings. 'n Aansienlike toename in die netto eise teen die regeringsektor en 'n afname in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings was die belangrikste oorsake van die toename gedurende Julie. Die uitbreiding van bankkrediet aan die private sektor het meegebring dat die onbenutte fasiliteite onder die plafonne op die banke se diskonteringe, lenings en voorskotte gedurende die tweede kwartaal aansienlik gedaal het, maar gedurende Julie het hierdie fasiliteite weer gestyg. Met ingang 31 Augustus is hierdie plafonne sowel as dié op beleggings in die private sektor met 'n bykomende 4 persent van hulle onderskeie basissyfers soos aan die einde van Desember 1975 deur die Reserwebank verhoog.

Die likwiditeit van alle groepe bankinstellings het gedurende die tweede kwartaal en Julie op 'n hoë vlak gebly. Die oorskotlikwiditeit het gedurende hierdie

tydperk selfs toegeneem en tot 'n opmerklike verruiming van die geldmarktoestand bygedra, in die besonder ná die eerste paar dae van Mei tot en met laat in Augustus. As 'n weerspieëling van hierdie ontwikkelings het die rentekoerse in die geldmark vanaf die begin van Mei feitlik onafgebroke gedaal en aan die einde van Augustus op aansienlike laer vlakke gestaan. Die Bankkoers is op 13 Augustus verlaag as 'n metode om die monetêre beleid verder te verslap en as erkenning van die daling in die korttermynrentekoerse. Dit is deur 'n verlaging van die handelsbanke se prima-oortrekkingskoers en van die meeste depositorentekoerse gevolg.

In die kapitaalmark het die opbrengskoerse op langtermyn vaste-rentedraende effekte gedurende die tweede kwartaal effens gestyg, skynbaar meer vanweë veranderde verwagtings aangaande prysstygings en onsekerheid omtrent toekomstige rentekoersbewegings as vanweë werklike verskuiwings in die aanbod van of die vraag na uitleenbare fondse. Gedurende Julie en Augustus is die styging in die opbrengskoers egter in sekere mate omgekeer. Die opbrengskoerse op aandele het 'n soortgelyke verloop getoon; 'n effense styging gedurende die tweede kwartaal is gedurende Julie en Augustus deur 'n daling gevolg.

Nasionale rekeninge*

Die reële bruto **binnelandse** produk, wat in 1978 met 2½ persent gestyg het, het in die eerste en tweede kwartale van 1979 teen jaarkoerse van ongeveer 3½ persent en 4 persent onderskeidelik toegeneem. In die eerste helfte van 1979 was die reële bruto binnelandse produk ongeveer 3½ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1978. As gevolg van 'n skerp toename in die eerste kwartaal, was die reële bruto **nasionale** produk in die eerste helfte van 1979 ongeveer 6 persent hoër as in die ooreenstemmende ses maande van 1978. In terme van kwartaallikse veranderings het die reële bruto nasionale produk gedurende die tweede kwartaal van 1979 egter teen 'n laer koers toegeneem omdat die opmerklike verbetering in Suid-Afrika se ruilvoet in die eerste kwartaal nie gedurende hierdie tydperk gehandhaaf is nie.

Die grootste deel van die toename in die reële bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 1979 is deur 'n aansienlike styging in die reële toegevoegde waarde van die landbou verklaar. Alhoewel verwag word dat die oeste van somergewasse in 1979 heelwat kleiner sal wees as in die vorige jaar, het die vroeë insameling van hierdie oeste die reële produk van die landbou in die tweede kwartaal laat styg. Die toename in die reële toegevoegde waarde van die nie-landbousektore van die ekonomie het van die eerste na die tweede kwartaal aansienlik verlangsaam. Laer koerse van toename in die tweede kwartaal is aangeteken in die reële bruto binnelandse produk van sektore soos die mynbou, die fabriekswese, vervoer en finansies. 'n Besonder skerp daling het in die koers van toename in die toegevoegde waarde van die mynbou voorgekom, hoofsaaklik omdat die buitengewoon vinnige toename in die eerste kwartaal nie in die tweede kwartaal gehandhaaf is nie. Die reële toegevoegde waarde van die sektor elektrisiteit, gas en water het in werklikheid afgeneem ná 'n aansienlike styging in die eerste kwartaal. Daarbenewens het die reële toegevoegde waarde van die handel gedurende die tweede kwartaal verder gedaal.

Die reële bruto binnelandse besteding het in die tweede kwartaal skerp toegeneem teen 'n jaarkoers van ongeveer 10 persent en wesenlik daartoe bygedra dat die vlak van hierdie besteding in die eerste helfte van 1979 ongeveer 3½ persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk in 1978. Die toename in die tweede kwartaal is bykans uitsluitend verklaar deur 'n aansienlike verandering in die voorraadinvestering; 'n skerp afname in die voorrade in die eerste kwartaal is deur 'n klein toename in die tweede kwartaal gevolg. Hierdie verandering is waargeneem in 'n toename in landbouvoorrade-in-die-handel, mynbouvoorrade en in mindere mate, kleinhandels-

* Kwartaallikse veranderings word op seisoensaangesuiwerde gegewens gebaseer.

Bruto binnelandse produk teen konstante 1970-pryse



voorrade, sowel as 'n kleiner afname in nywerheidsvoorrade. Die groothandelsvoorrade en die voorrade van die motorhandel het aangehou om te daal.

Die ander komponente van die reële bruto binnelandse besteding het per saldo min tot die toename in die tweede kwartaal bygedra. Die private verbruiksbesteding het slegs matig toegeneem, die owerheidsverbruiksbesteding het min verandering getoon en die bruto binnelandse vaste investering het sy dalende neiging voortgesit. Die toename in die reële private verbruiksbesteding in die tweede kwartaal het in die duursame en nie-duursame goedereklasse voorgekom. Die besteding aan semi-duursame goedere en

Bruto binnelandse besteding teen konstante 1970-pryse

aan dienste het in werklikheid gedurende hierdie tydperk gedaal. Die verdere afname in die reële bruto binnelandse vaste investering was die netto gevolg van 'n toename in die vaste kapitaaluitgawes van die openbare korporasies en afnames in hierdie soort besteding deur die private sektor en die openbare owerhede.

Ná 'n aansienlike verdere styging in die eerste kwartaal van 1979, het die bruto binnelandse besparing in die tweede kwartaal afgeneem. Toenames in die persoonlike besparing en in die voorsiening vir waardevermindering is meer as geneutraliseer deur afnames in die maatskappybesparing en in die lopende surplus van die algemene owerheid. Die bruto binnelandse besparing het nietemin die bruto binnelandse investering oorskry en die verskil is in 'n verdere oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël.

Konjunktuurneigings, arbeidstoestand en pryse

Die sikliese herstel van die ekonomiese bedrywigheid gedurende 1978 en die eerste kwartaal van 1979 is gedurende die tweede kwartaal voortgesit. Te oordeel na die stadiger toename in die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore en veranderings in ander ekonomiese aanwysers, het die tempo van die opswaai gedurende die tweede kwartaal egter ietwat verslap. In sommige sektore van die ekonomie het die toestand traag gebly en in ander het die koers van toename in die bedrywigheid verlangsaam. Hoewel maatreëls vir 'n verdere stimulering van die ekonomie by die Begroting vir 1979/80 ingesluit is, sal die meeste van hierdie maatreëls eers vanaf die tweede helfte van 1979 'n uitwerking begin hê.

Betreklik hoë koerse van toename in die volume van die fabrieks- en mynbouproduksie in die eerste kwartaal van 1979 is deur laer koerse in die tweede kwartaal gevolg. Ten spyte van die matiger styging in die tweede kwartaal, was die volume van die produksie in albei hierdie sektore in die eerste helfte van 1979 aansienlik hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1978. Die bedrywigheid in die bou- en konstruksiesektor het op 'n lae vlak gebly, maar 'n sekere verbetering het gedurende die eerste helfte van 1979 voorgekom. Die waarde van die groot- en kleinhandelsverkope teen konstante pryse, uitgesonderd die verkope van motorvoertuie, het in die tweede kwartaal verder afgeneem. In die eerste helfte van 1979 was hierdie verkope aansienlik laer as in die eerste helfte van 1978. Die gemiddelde maandelikse

Konjunktuuraanwysers

verkope van nuwe motorvoertuie het in die eerste vier maande van 1979 skerp toegeneem maar gedurende die daaropvolgende vier maande gedaal. Die aantal nuwe motorvoertuie verkoop gedurende die eerste agt maande van die jaar was slegs effens hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1978.

Die verlangsaming van die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore van die ekonomie in die tweede kwartaal is weerspieël in 'n effense toename in die geregistreerde werkloosheid. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs het afgeneem van sy mees onlangse hoogtepunt van 31 750 in Julie 1978 tot 27 270 in April 1979 voordat dit weer tot 29 547 in Julie gestyg het.

Gebaseer op die kwartaallikse gemiddeldes, het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks in die eerste kwartaal teen 'n jaarkoers van 10,7 persent en in die tweede kwartaal van 1979 met 11,6 persent gestyg. Die vinnige prysstyging in die tweede kwartaal kon toegeskryf word aan 'n hoër koers van toename in huur en bediendelone en in die pryse van voedsel, skoeisel, voertuie en petrol. Die verhoging van die petrolpryse in Junie 1979 is in die verbruikersprysindeks vir Julie weerspieël en het ongeveer 2,1 persentasiepunte tot die totale styging van 3,6 persent in die verbruikerspryse tussen Junie en Julie bygedra. Vergeleke met dieselfde maand in die voorafgaande jaar, het die verbruikerspryse in sowel April as Mei met 12,8 persent gestyg, in Junie met 13,6 persent en in Julie 1979 met 12,9 persent. Die laer koers van toename in Julie was die gevolg van die feit dat die invloed van die algemene verkoopbelasting nie meer in die vergelyking van die prys-syfers oor 'n tydperk van twaalf maande weerspieël is nie.

Die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks het in die eerste en tweede kwartale van 1979 teen jaarkoerse van onderskeidelik 12,9 persent en 15,6 persent gestyg. Die versnelling in die koers van toename in die tweede kwartaal was die gevolg van vinniger stygings in die pryse van ingevoerde sowel as binnelandsgeproduseerde goedere. Binnelandsgeproduseerde goedere waarvan die pryse teen hoër koerse gestyg het, sluit in landbouprodukte, masjinerie, metaalprodukte, skoeisel en voedsel. Tussen Junie en Julie het die groothandelspryse met 2,6 persent gestyg, hoofsaaklik as gevolg van hoër pryse vir staal- en petroleumprodukte. Vergeleke met dieselfde maand in die vorige jaar, het die groothandelspryse in Mei met 12,3 persent, in Junie met 13,4 persent en in Julie met 15,8 persent gestyg.

Pryse
Persentasieverandering oor twaalf maande



Betalingsbalans

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het van 'n rekordsyfer van R1 025 miljoen in die eerste kwartaal tot R543 miljoen in die tweede kwartaal van 1979 afgeneem. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot op die lopende rekening in die eerste kwartaal R3 517 miljoen en in die tweede kwartaal R2 257 miljoen beloop. Ten spyte van hierdie afname, het die oorskot in die tweede kwartaal nog 5 persent van die bruto binnelandse produk bedra, vergeleke met 'n gemiddelde verhouding van die tekort tot die binnelandse produk van 2 persent in die na-oorlogse tydperk. Die kleiner seisoensaangesuiwerde oorskot in die tweede kwartaal was die gevolg van 'n toename in die goedere-invoer, 'n afname in die goedere-uitvoer en 'n laer netto goudproduksie. Die netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld was ongeveer dieselfde as in die voorafgaande kwartaal.

Lopende rekening van die betalingsbalans



Die waarde van die goedere-invoer het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R8 014 miljoen in die eerste kwartaal tot R8 586 miljoen in die tweede kwartaal van 1979 toegeneem. Hierdie toename het plaasgevind ten spyte van 'n effense verdere afname in die volume van die invoer en was derhalwe aan 'n styging in invoerpryse toe te skryf. Die waarde van die meeste groepe invoere was hoër in die tweede kwartaal, maar besonder groot toenames is in die invoer van petroleumprodukte, masjinerie en elektriese toerusting, basiese metale, chemiese produkte en kunsharse, en plastiekstowwe aangeteken. In Julie het die seisoensaangesuiwerde waarde van die goedere-invoer egter skerp gedaal van 'n jaarkoers van R8 565 miljoen in Junie tot R7 670 miljoen in Julie.

Die waarde van die goedere-uitvoer het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R8 280 miljoen in die eerste kwartaal tot R7 768 miljoen in die tweede kwartaal van 1979 gedaal as gevolg van 'n skerp afname in die volume van die uitvoer. Die uitvoerpryse het gedurende die tweede kwartaal verder gestyg, maar teen 'n laer koers as gedurende die voorafgaande kwartaal. Die daling in die waarde van die uitvoer kon grotendeels aan 'n verminderde uitvoer van diamante toegeskryf word; die ander hoofgroepe uitvoergoedere het voortgegaan om te styg. Voorlopige aanduidings is dat die seisoensaangesuiwerde waarde van die goedere-uitvoer in Julie aanmerklik toegeneem het.

Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die waarde van die netto goudproduksie van R5 084 miljoen in die eerste kwartaal van 1979 tot R4 910 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem as gevolg van 'n daling in die volume. Die goudprys het aangehou om te styg en die gemiddelde prys per fyn ons op die Londense mark het van $238,24 in die eerste kwartaal tot $258,69 in die tweede kwartaal en $297,84 in die tydperk van twee maande Julie en Augustus toegeneem.

'n Voortgesette groot netto uitvloeiing van kapitaal is in die tweede kwartaal aangeteken, maar die bedrag van R614 miljoen was nietemin ietwat kleiner as die ooreenstemmende syfer van R813 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. 'n Netto uitvloeiing van korttermynkapitaal (insluitende foute en weglatings op die lopende sowel as kapitaalrekening) ten bedrae van R598 miljoen was verantwoordelik vir die grootste deel van die uitvloeiing in die tweede kwartaal. Afgesien van 'n klein vermindering van die laste verwant aan reserwes, het die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal bykans geheel en al uit die uitvloeiing van kapitaal vanaf die private sektor bestaan. Hierdie uitvloeiing het in sekere mate verband gehou met die vergroting van die marge tussen die effektiewe koste van handelsfinansiering in terme van VSA-dollars en in terme van rand. Hierdie marge het aan die einde van Maart 2,3 persent bedra, maar het in Julie tot 3,0 persent en in Augustus tot 4,5 persent vergroot. Die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal het in die tweede kwartaal slegs

Betalingsbalans



R16 miljoen bedra, vergeleke met R133 miljoen in die eerste kwartaal. Eersgenoemde syfer het bestaan uit 'n netto invloeiing van R23 miljoen na die sentrale regering en banksektor wat meer as geneutraliseer is deur 'n uitvloeiing van R39 miljoen vanaf die private sektor. Die netto invloeiing van kapitaal na die openbare korporasies en plaaslike owerhede was onbeduidend deurdat invloeiings in die vorm van projekfinansiering deur terugbetalings op bestaande lenings teengewerk is.

Die netto goud- en ander buitelandse reserwes, wat gedurende die voorafgaande ses kwartale toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal van 1979 as gevolg van betalingsbalanstransaksies met R37 miljoen gedaal. Gedurende Julie het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank verder met R146 miljoen afgeneem, maar gedurende Augustus is 'n toename van R120 miljoen aangeteken. As veranderings in die laste verwant aan reserwes en waardasie-aansuiwerings in aanmerking geneem word, het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die tweede kwartaal met R202 miljoen toegeneem en aan die einde van Junie 'n vlak van R2 807 miljoen bereik. Daarná het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank van R2 548 miljoen aan die einde van Junie tot R2 688 miljoen aan die einde van Augustus gestyg.

Nadat die nuwe wisselkoersstelsel aan die einde van Januarie in werking getree het, het die rand gedurende die oorblywende twee maande van die eerste kwartaal met 2,9 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer. Die effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende hierdie tydperk met 2,3 persent geappresieer. Gedurende die tweede kwartaal en die daaropvolgende twee maande het die rand per saldo met 1,1 persent teenoor die VSA-dollar geappresieer terwyl die effektiewe wisselkoers van die rand in werklikheid met 0,6 persent gedepresieer het.

Monetêre en banktoestand

Die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld, wat gedurende die tweede helfte van 1978 skerp maar gedurende die eerste kwartaal van 1979 slegs marginaal toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal in werklikheid met R68 miljoen, of teen 'n jaarkoers van ongeveer 2 persent, gedaal. Gedurende Julie het daar egter 'n aansienlike styging van R571 miljoen voorgekom, waardeur die jaarkoers van toename gedurende die tydperk van vier maande van April tot Julie 1979 op 14 persent te staan gekom het. Ná 'n aansienlike styging teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 34 persent gedurende die voorafgaande ses maande, het die eng gedefinieerde geldvoorraad gedurende die tweede kwartaal van 1979 effens gedaal, naamlik met R19 miljoen, voordat dit gedurende Julie skerp met R190 miljoen gestyg het.

Wat die oorsake van veranderings in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad betref, het die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal vinnig gestyg teen 'n jaarkoers van 20 persent, in vergelyking met 11 persent gedurende die voorafgaande kwartaal. Hierdie styging is egter meer as geneutraliseer deur dalings in die ander oorsake van veranderings. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor, wat tot en met die eerste kwartaal aanhoudend toegeneem het, het gedurende die tweede kwartaal effens gedaal, naamlik met R28 miljoen. 'n Daling van R76 miljoen in die bruto reserwes, waarvan waardasie-aansuiwerings uitgesluit is, is gedeeltelik deur 'n vermindering van R48 miljoen in die korttermyn-buitelandse laste van die banksektor geneutraliseer. Die monetêre banke se netto eise teen die regeringsektor het gedurende die tweede kwartaal verder gedaal met R69 miljoen, waardeur die totale daling gedurende die eerste helfte van 1979 op R482 miljoen en die netto eise uitstaande op hul laagste vlak sedert Mei 1976 te staan gekom het. Die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre bankinstellings, wat gedurende die afgelope drie jaar aanhoudend en vanaf die vierde kwartaal van 1977 teen 'n hoë koers gestyg het, het gedurende die tweede kwartaal meer matig met R157 miljoen toegeneem.

Die toename in die seisoensaangesuiwerde geld- en kwasi-geldvoorraad gedurende Julie was die gevolg van 'n groot styging van R276 miljoen in die netto eise teen die regeringsektor, hoofsaaklik vanweë 'n aansienlike daling in die regeringsdeposito's, 'n verdere matige styging van R50 miljoen in die eise teen die private sektor, en 'n afname van R150 miljoen in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banke. Die uitwerking van hierdie oorsake van verandering is gedeeltelik deur 'n daling van R106 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die monetêre banksektor geneutraliseer. Gedurende Augustus het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank, met

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld
R miljoene

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw. 1979	2e kw. 1979	Julie 1979	1e kw. 1979	2e kw. 1979	Julie 1979
Netto goud en ander buitelandse reserwes	291	–28	–117	295	–28	–106
Eise teen die regeringsektor						
Bruto eise	–425	100	–202			
Regeringsdeposito's (toename –, afname +)	–226	289	494			
Netto eise	–651	389	292	–413	–69	276
Eise teen die private sektor	220	515	96	274	515	50
Langtermyndeposito's (toename –, afname +)	–339	–292	179	–429	–157	150
Netto ander baites	226	–353	–21			
Total oorsake van veranderings	**–253**	**231**	**429**	**25**	**–68**	**571**

uitsluiting van die uitwerking van die maandelikse herwaardering van die goudreserwes, met R123 miljoen toegeneem.

Een rede vir die vinniger styging in die monetêre banksektor se eise teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal was 'n skerp toename van R98 miljoen in die beleggings in effekte van die private sektor. Gedurende die eerste kwartaal van 1979 het hierdie beleggings feitlik onveranderd gebly. Hierbenewens het die kaskredietvoorskotte van die Landbank gedurende die tweede kwartaal met R85 miljoen gestyg en in Junie alleen, teen die normale seisoenspatroon in, met R124 miljoen toegeneem as gevolg van die vroeër insameling van die oes van somergewasse. Die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre huurkoop- en algemene banke, wat in die eerste kwartaal skerp gestyg het met R299 miljoen, het gedurende die tweede kwartaal 'n aansienlike verdere toename van R243 miljoen aangeteken. 'n Ontleding van hierdie leningsvoorsiening toon dat verdiskonteerde wissels met R67 miljoen, huurkoopkrediet met R111 miljoen en bruikhuurfinansiering met R39 miljoen toegeneem het. Ander lenings en voorskotte het egter met slegs R26 miljoen toegeneem. Die styging in die eise teen die private sektor gedurende Julie was die gevolg van 'n aansienlike verdere styging van R135 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank. Die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handels-, aksep- en monetêre huurkoop- en algemene banke het met R50 miljoen gedaal.

In ooreenstemming met die uitbreiding van bankkrediet aan die private sektor, het die onbenutte fasiliteite onder die banke se plafonne op diskonteringe en voorskotte gedurende die tweede kwartaal met R84 miljoen gedaal. Gedurende Junie het hulle met R164 miljoen afgeneem maar gedurende Julie is 'n styging van R90 miljoen aangeteken. Met ingang van 31 Augustus is sowel hierdie plafonne as die plafonne op die beleggings in effekte van die private sektor met 'n bykomende 4 persent van hul basissyfers soos aan die einde van Desember 1975 verhoog.

Nadat die likwiditeitsposisie van alle groepe bankinstellings gedurende Maart 1979 verbeter het, het die banke se oorskotlikwiditeit gedurende die daaropvolgende vier maande op 'n hoë vlak gebly. Die oorskotlikwiditeitsverhouding van alle monetêre bankinstellings het van 3,7 persent aan die einde van Maart tot 4,7 persent aan die einde van Julie gestyg. Indien twee banke wat besig is om hul sake af te wikkel, uitgesluit word, het die oorskotlikwiditeitsverhouding van die nie-monetêre banke gedurende dieselfde tydperk van 2,6 persent tot 4,7 persent gestyg.

Toestand op die geldmark en rentekoerse

Nadat daar oor die maandeinde van April en gedurende die eerste paar dae van Mei 'n betreklik knap toestand op die geldmark geheers het, het die mark gedurende die daaropvolgende tydperk tot laat in Augustus aanmerklik verruim. Oor die maandeindes van Mei, Junie en Augustus het daar matig knap toestande bestaan, maar oor die maandeinde van Julie het die mark nog steeds 'n ruim toestand ondervind. Die vernouing van die mark oor die maandeinde van Mei was grotendeels 'n weerspieëling van 'n kombinasie van 'n groot styging in die regeringsdeposito's en 'n toename in die bedrag aan banknote in omloop, terwyl die vernouing oor die maandeinde van Junie hoofsaaklik deur 'n groot daling in die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank meegebring is.

Die daggeldlenings aan die diskontohuise het vanaf vroeg in Mei 'n opwaartse neiging getoon wat slegs deur tydelike dalings oor die maandeindes van Mei en Junie onderbreek is. Nadat hierdie lenings op 30 Augustus 'n nuwe rekordvlak van R1 033 miljoen bereik het, het dit tot R874 miljoen op 31 Augustus en R886 miljoen op 8 September gedaal. Die akkommodasie van die Reserwebank het gedurende die grootste deel van die oorsigtydperk op 'n baie lae vlak gebly en het op 30 Junie 'n hoogtepunt van R175 miljoen bereik. Die monetêre banke se netto vrye saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie was gedurende die tydperk Mei tot Augustus ook op 'n

Geldmarkrentekoerse



aanmerklik hoër gemiddelde vlak as gedurende die voorafgaande vier maande. Slegs gedurende die laaste dae van Mei en Junie en oor die maandeinde van Augustus was hierdie saldo's feitlik uitgeput.

Die rentekoerse in die geldmark het vanaf die begin van Mei voortgegaan om bykans ononderbroke te daal. Die koers op bankaksepte en verhandelbare depositosertifikate van drie maande het van 5,9 persent op 11 Mei tot 4,9 persent op 31 Augustus gedaal. Die skatkiswissel-tenderkoers het van 5,56 persent op 11 Mei tot 4,72 persent op 10 Augustus gedaal. Nadat die Bankkoers op 13 Augustus van 7,5 persent na 7 persent verlaag is, het die tenderkoers skerp gedaal tot 4,47 persent op 17 Augustus en tot 4,35 persent op 7 September. Die handelsbanke se prima-oortrekkingskoers is gedurende die tydperk 16 tot 24 Augustus van 10 na 9,5 persent verlaag. Met ingang van 24 Augustus is die depositokoerse van bankinstellings, met uitsondering van die koers op gewone spaardeposito's oor die algemeen ook met 'n half persent verlaag.

Staatsfinansies

Die ontvangste op die Skatkisrekening was gedurende die tweede kwartaal van 1979, dit wil sê die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1979/80, 24 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Hierdie aansienlike toename was toe te skryf aan 'n skerp styging in die inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur die goudmynmaatskappye, die invloed van die algemene verkoopbelasting wat gedurende die eerste kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar nog nie in werking was nie, en die feit dat nie al die belastingtoegewings wat in die Begroting vir 1979/80 toegestaan is, gedurende die tweede kwartaal van 1979 alreeds in werking getree het nie. Die opbrengs van die bobelasting op invoergoedere het in die tweede kwartaal heelwat afgeneem ná die verlaging in die koers van die bobelasting van 12½ tot 7½ persent in die Begroting, maar die inkomstebelastingtoegewings aan individue en maatskappye sal eers in die tweede kwartaal van die huidige fiskale jaar, dit wil sê in die derde kwartaal van 1979, hul invloed op voorlopige belastingbetalings en op die betalings van belasting kragtens die lopende betaalstelsel begin toon. In die geval van persoonlike inkomstebelasting, het die hersiene tabelle vir die maandelikse aftrekking van belasting deur werkgewers byvoorbeeld eers in Julie in werking getree, met die gevolg dat die laer belastingaftrekkings

Skatkisrekeningtekort en -finansiering



eers in die skatkisontvangste vir Augustus weerspieël sal word. As gevolg van al hierdie faktore was die koers van toename in die skatkisontvangste in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1979/80 aansienlik hoër as die verwagte koers van toename van 4 persent vir die jaar in sy geheel.

Die skatkisuitreikings was gedurende die eerste kwartaal van die huidige fiskale jaar 7 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar. Hierdie styging was opmerklik laer as die verwagte groeikoers van 12 persent in die uitgawes vir die fiskale jaar in sy geheel, wat daarop dui dat die skatkisuitreikings gedurende die oorblywende deel van die fiskale jaar vinniger sal toeneem.

Die uitreikings het die ontvangste in die kwartaal onder bespreking met R660 miljoen oorskry, of met R232 miljoen minder as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande jaar. Die grootste deel van hierdie tekort, naamlik ongeveer 70 persent, is deur middel van lenings vanaf binnelandse nie-bankbronne gefinansier. Die bedrag aan leenfondse wat van die Staatskuldkommissarisse opgeneem is, het R222 miljoen en dié vanaf die private nie-banksektor R240 miljoen bedra. Laasgenoemde bedrag het hoofsaaklik uit beleggings in nie-verhandelbare obligasies, in die besonder in Nasionale Verdedigingsobligasies, en ontvangste van verpligte leningsheffings bestaan. In teenstelling met die voorafgaande kwartaal en die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1978/79, het die Tesourie gedurende die eerste kwartaal van die huidige fiskale jaar weer eens van bankkrediet gebruik gemaak, en wel tot 'n bedrag van R129 miljoen. Hierdie bedrag het bestaan uit 'n toename van R226 miljoen in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse wat gedeeltelik deur 'n styging van R97 miljoen in die deposito's op die Skatkisrekening by hierdie sektor geneutraliseer is. Die netto opname van buitelandse leenfondse deur die Tesourie het gedurende die kwartaal onder bespreking R69 miljoen bedra.

Kapitaalmark

Die toestand in die mark vir vaste-rentedraende effekte het gedurende die tweede kwartaal van 1979 effens vernou. Die ondersteuning van nuwe uitgiftes het verswak en die opbrengskoerse het effens toegeneem. Hierdie vernouing van die mark is skynbaar nie deur verskuiwings in die beskikbaarheid van uitleenbare fondse of in die vraag na nuwe kapitaal veroorsaak nie, maar eerder deur onsekerheid aangaande toekomstige opbrengskoersbewegings, 'n werklike en verwagte hoër inflasiekoers, en portefeulje-aanpassings deur institusionele beleggers. Gedurende Julie en Augustus het 'n verruiming van die marktoestand sigbaar geword; nuwe uitgiftes van effekte is weer oorvolteken en die opbrengskoerse op vaste-rentedraende effekte in die sekondêre mark het geneig om te daal tot effens benede die vlakke waartoe dit gedurende die tweede kwartaal gestyg het. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het gedurende die tweede kwartaal van 9,11 tot 9,35 persent toegeneem voordat dit tot 9,33 persent in Augustus

Opbrengskoerse in sekondêre mark



gedaal het. Die langtermynopbrengskoers op die hoogste graad semi-prima-effekte het gedurende die tweede kwartaal van 9,43 tot 9,89 persent toegeneem, maar daarná in Augustus tot 9,81 persent gedaal. Die opbrengskoers op die langtermynskuldbriewe van maatskappye het in Augustus 11,25 persent beloop, wat nog steeds marginaal hoër was as die opbrengskoers van 11,01 persent in Junie.

Die netto bedrag aan nuwe uitgiftes van vasterentedraende effekte deur die openbare sektor, aangesuiwer vir veranderings in die betrokke leners se besit aan hul eie effekte, het in die tweede kwartaal R368 miljoen bedra, vergeleke met 'n netto terugbetaling van R132 miljoen in die eerste kwartaal. Gedurende Julie het die sentrale regering effekte wat vervaldatum bereik het ter waarde van R497 miljoen terugbetaal en nuwe fondse ten bedrae van R397 miljoen opgeneem deur middel van nuwe uitgiftes, met insluiting van 'n langtermynuitgifte teen 9,375 persent.

Die omset op die aandelebeurs het gedurende die tweede kwartaal verder toegeneem. Die nominale waarde van prima- en semi-prima-effekte verhandel het R555 miljoen bedra, vergeleke met 'n kwartaallikse gemiddelde van R287 miljoen vir die voorafgaande drie kwartale. Die waarde van aandele verhandel op die effektebeurs gedurende die tweede kwartaal het matiger toegeneem en was 5 persent hoër as in die eerste kwartaal. Laasgenoemde toename was hoofsaaklik die gevolg van 'n styging in die aandelepryse. Die omvattende aandeleprysindeks, wat alle klasse aandele insluit, het gedurende die tweede kwartaal met 6 persent gestyg. In Julie het die waarde van die aandele verhandel effens afgeneem, maar oor die algemeen het die aandelepryse onveranderd gebly. In Augustus het die aandeleomset egter skerp gestyg en die omvattende aandeleprysindeks het met 7 persent toegeneem. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het gedurende die eerste kwartaal van 6,3 tot 6,4 persent gestyg maar in Augustus tot 6,2 persent gedaal.

Die seisoensaangesuiwerde vloei van langertermynfondse na depositonemende en verwante spaarinstellings het gedurende die tweede kwartaal op 'n hoë vlak gebly en R921 miljoen bedra, vergeleke met R967 miljoen in die eerste kwartaal. Die bouverenigings se aandeel in hierdie fondse het effens afgeneem van 52 persent van die totaal in die eerste kwartaal tot 50 persent in die tweede kwartaal. Die bedrag van die bruto verbandlenings deur bouverenigings toegestaan het in die tweede kwartaal R636 miljoen beloop, wat 10 persent meer was as in die voorafgaande kwartaal. Nieteenstaande hierdie toename was die vraag na verbandlenings onvoldoende om die verenigings se invloeiing van fondse te absorbeer en as gevolg hiervan moes die verenigings hulle voorgeskrewe beleggings gedurende die tweede kwartaal met R125 miljoen verhoog. Gedurende Julie het die verenigings 'n verdere invloeiing van fondse van R144 miljoen ondervind, wat effens minder was as die maandelikse gemiddelde van R155 miljoen vir die tweede kwartaal.

In die vaste eiendomsmark het die waarde van transaksies gedurende die tweede kwartaal opwaarts bly beweeg en die syfer vir die eerste kwartaal met 3 persent oorskry. 'n Groter toename in transaksies het in Julie voorgekom.

Verklaring insake monetêre beleid

Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, dr T W de Jongh

11 Augustus 1979

Ná die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank besluit om die Bankkoers soos vanaf Maandag 13 Augustus 1979 met ½ persent tot 7 persent per jaar te verlaag.

Hierdie stap verteenwoordig 'n verdere verslapping van monetêre beleid en neem in ag die aansienlike daling gedurende die jongste weke in korttermynrentekoerse in die mark wat tot 'n oormatige gaping tussen hierdie koerse en die Bankkoers gelei het.